KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL
VOORBEREIDE EKSAMEN
SEPTEMBER 2017
AFRIKAANS EAT VRAESTEL 1
BEGRIPS / TAAL / OPSOMMING

GRAAD : 12
EKSAMINATRISE : P. SINGH
MODERATRISE : S. SUKHNANAN

PUNTE : 80
TYD : 2uur
DATUM : 31/8/17

8888888888888888888888888888888888888888888888888888888
Hierdie Vraestel bestaan uit ......11... bladsye .

Instruksies en Inligting :

1. Beantwoord Al die vrae .
2. Hierdie vraestel bestaan uit 3 Afdelings :

AFDELING A : Leesbegrip , VRAAG 1 Punte : 30
AFDELING B : Opsomming , VRAAG 2 Punte : 10
AFDELING C : Taal , VRAAG 3 en VRAAG 4 : Punte : 40

3. Lees en volg die instruksies by Al die Vrae .
4. Nommer die antwoorde soos die Vrae genommer is .
5. Beplan jou tyd .
6. Skryf netjies en leesbaar .
7. Skryf die Voorletters van jou onderwyser/esse .SRP; PS ; Sre; PR; A.Ra; S.Su .

AFDELING A : Leesbegrip .

VRAAG 1

TEKS A : Koerantartikel .

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg .

Blaai om ....... vir bl. 2

# BEROU KOM ALTYD TE LAAT . . .

## KZN-MEISIE GEKRITISEER OOR FOTO'S TERWYL SY RY

1 Die Departement van Vervoer in KwaZulu-Natal het woedend gereageer nadat 'n student 'n foto van haarself geneem het terwyl sy op die N3-hoofweg ry. Sy het daarby geskryf: "Ek het gister 'n selfie geneem terwyl ek op die N3 gery het. Ek het aanhoudend na die kamera gekyk en vergeet om my oë op die pad te hou. Ek dink ek het dit eindelik reggekry om 'n goeie selfie te neem terwyl ek bestuur, maar ek lyk steeds baie bang."

2 Die Departement van Vervoer het Nicci Redelinghuys "onverantwoordelik" genoem. Die foto het soos 'n veldbrand op sosiale media-netwerke versprei en baie kritiek gekry.

3 Redelinghuys het teruggekap deur nóg foto's van haarself op te laai waar sy bestuur. Sy het Woensdag by die eerste foto's mense gekritiseer: "Ongelukkig verstaan party mense nie dat ek soos 'n professionele bestuurder bestuur nie. Danksy my pa, drie keer 'n SA tydrenkampioen."

4 Nathi Sukazi, woordvoerder van die Departement van Vervoer in KwaZulu-Natal, het gesê dié soort gedrag van motoriste stel ander padgebruikers se lewens in gevaar. "Ons moet almal 'n standpunt inneem om dié onwettige, selfdoodgerigte en onverantwoordelike gedrag stop te sit en motoriste mooi vra om dit nie te doen nie."

5 Die Justice Project South Africa het Redelinghuys se foto op Twitter hertwiet en gesê: "Is almal so dom? Moet nie antwoord nie, dis 'n retoriese vraag."

6 Redelinghuys kon nie deur News24 vir kommentaar bereik word nie, maar vra nou verskoning vir haar optrede.

7 Die student van Durban wat 'n reeks selfies geneem het terwyl sy agter die stuurwiel van haar voertuig op die N3-hoofweg in KwaZulu-Natal was, het die publiek om verskoning gevra vir haar optrede en sê sy het haar les geleer. Sy ontken ook nou dat sy die foto's geneem het terwyl sy bestuur het, en ook dat dit op die N3 was.

8 Nicci Redelinghuys (20) sê dit was 'n onskuldige private grap wat uit verband geruk is. "Ek glo ek het baie skade aangerig en op die harde manier 'n les geleer." Dit het die Departement van Vervoer in KwaZulu-Natal en ook talle gemeenskapsveiligheidsgroepe omgekrap en sy is sterk daarvoor gekritiseer. Redelinghuys se pa het Donderdag aan News24 gesê hy het haar selfoon en motor gekonfiskeer en haar sosialemedia-rekeninge gesluit. Hy het ook gesê sy is gehok (grounded).

9 Redelinghuys het later in haar reaksie gesê: "Ek wil net my kant stel. Ek het nie die selfies geneem terwyl ek bestuur het nie. Ek was ook nie op die N3-hoofweg nie. Ek aanvaar verantwoordelikheid vir my dade en vra dat die publiek my vergewe. Ek wil ook mense aanraai om nie dieselfde te doen nie. Ek wil graag my pa om verskoning vra omdat hy nou met die gemors opgeskeep sit. Hy doen soveel vir my en ek het hom teleurgestel."

Blaai om...... vir bl. 3

*[Artikel saamgestel en verwerk uit: Die Burger, Beeld, Donderdag 9 April 2015]*
*[Verkort en verwerk uit: Beeld, Vrydag 10 April 2015]*

VRAE :

1.1 Haal 'n sinsdeel aan wat die woord " selfie " verduidelik . (Par.1) (1)
1.2 Watter storie (par . 1) het Nicci eers op Twitter getwiet ? (1)
1.3 Waarmee word die verspreiding van die foto op sosiale media netwerk vergelyk ? (1)
1.4 Sê hoekom die onderstaande stelling WAAR is :
Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling van 3 woorde . (1)
Nicci het nie net die Dep. Van Vervoer in KZN nie maar ook gemeenskapveiligheidsgroepe omgekrap .
1.5 Die woord " Omgekrap " beteken om iemand (bekommerd te maak / kwaad te maak / hartseer te maak ) (1)
1.6 Hoe het Nicci gereageer toe die nuusmedia , News – 24 haar oor haar gedrag uitgevra het ? (1)
1.7 Nicci het haar storie 'n dag later verander . Verduidelik hierdie stelling kortliks . (1)
1.8 Hoe het Nicci se pa haar gestraf vir wat sy gedoen het ? (2)
1.9 Watter woorde dui aan dat Nicci baie selfies geneem het ? (par . 7) (1)
1.10 Om watter rede skuld Nicci haar pa 'n verskoning vir haar onverantwoordelike optrede ? (1)
Kies jou Antwoord uit die volgende moontlikhede :
A. Hy moet 'n swaar boete vir sy dogter se oortreding betaal.
B. Na die insident wou sy vriende niks meer met hom te doen gehad nie.
C. Hy moes probeer vure doodslaan oor sy dogter se onvolwasse gedrag.
D. Hy was in die tronk toegesluit .
1.11 Verduidelik wat die uitdrukking , "Berou kom altyd te laat " beteken (1)
1.12 Haal 4 agtereenvolgende woorde aan wat Nathi Sukazi gebruik om Ricci se aksie te beskryf . (1)
1.13 Wat was die " harde manier " behalwe haar pa se straf dat Nicci haar les geleer het ? (1)
1.14 Sê hoekom hierdie stelling ONWAAR is (1)
Hierdie storie het net op sosiale media netwerke verskyn .
1.15 Omdat hy nou met die" gemors " opgeskeep sit .
1.15.1 Word die woord "gemors " letterlik of figuurlik gebruik ? (1)
1.15.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 1.15.1 deur te verduidelik wat in hierdie konteks met " gemors " bedoel word . (1)
1.16.1. Is Nathi Sukazi Sensitief of Onsensitief oor Ricci se gedrag ? (1)
1.16.2 Motiveer jou antwoord . (1)
1.17 Sê in jou eie woorde wat die boodskap van hierdie artikel is ? (1)

TOT : 20

Blaai Om ..... vir bl. 4

Lees die onderstaande resensie goed deur en beantwoord die vrae wat volg :

## WHEN A STRANGER CALLS

Riller. 16 (GT)
Met: Carol Kane
Regie: Zanie Kruger
☆☆☆☆

**Hoe het dit in Amerika gevaar?** Dit het $15 miljoen gekos om te maak en amper $50 miljoen by die teaterloket ingebring. Die fliek sal binnekort in Suid-Afrika vertoon word.

**Waaroor gaan die film?** 'n Baba-oppasser pas twee kinders op 'n afgeleë plaas op. Sy word ure lank deur 'n psigopaat oor die telefoon geterroriseer. Die huis is vreeslik groot en daar is baie plek vir 'n moordenaar om weg te kruip.



**Grilvrate** moenie hierdie fliek misloop nie! Neem jou beste vriend saam as jy na hierdie fliek gaan kyk. Sluit maar jou voordeur met 2 slotte en ook jou slaapkamerdeur voordat jy gaan slaap.

**Wie sal nie hiervan hou nie?** Bly jy alleen? Loer jy altyd in die aand in al die kaste en onder die bed voor jy gaan slaap? Dan moet jy liewer nie die film gaan sien nie!

1.18 Wie speel die hoofrol in hierdie film ? (1)

1.19 Kies die korrekte antwoord : Skryf net die vragnommer en die korrekte letter :

Grilvrate is mense wat ……….

A. daarvan hou om te gril .

B. vrate is en baie eet.

Blaai om ….. vir bl. 5

C. Gereeld van idees verander .
D. Van aaklike dinge hou . (1)

1.20 Waarom , dink jy, loer mense onder hulle beddens wanneer hulle gaan slaap ? (1)
1.21 Hoe weet jy dat die film baie goed is ? (1)
1.22 Hoe weet ons dat die skelm nie fisies by die baba – oppasser is nie ? (1)
1.23 Haal EEN woord aan wat vir ons sê dat die plaas ver weg van ander plekke of mense is ? (1)
1.24 Hoe sal die film , When a Stranger Calls 'n fliekganger bang maak ? (1)
1.25 Hoekom is die prent in die middel funksioneel ? (1)
1.26 Lees die volgende sindeel :
"Dit het 15 miljoen gekos om te maak en amper 50 miljoen by die teaterloket ingebring . "
1.26.1 Sê hoekom hierdie sin feitlik is ? (1)
1.27 Gee EEN rede hoekom kinders onder 16 nie na hierdie fliek kyk nie behalwe om hulle bang te maak . (1)

(10)

TOTAAL : 30

## AFDELING B OPSOMMING .

VRRAG 2

. Som die hoofgedagtes van die onderstaande teks in 7 sinne op .
. Skryf elke hoofgedagte in 'n volsin neer.
. Skryf jou sinne puntsgewys onder mekaar neer.
. Laat 'n reël tussen jou sinne oop .
. Jou opsomming mag nie langer as 65 woorde wees nie .
. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan .

TEKS C .

### MEDISYNE UIT DIE NATUUR .

Elke dag eet 'n klein bakkie jogurt . Dit help vir slegte asem . Die aktiewe bakterieë daarin sal die bakteriee onderdruk wat slegte reuke uit jou mond veroorsaak. Jy kan enige jogurt eet . Los vier teesakkies vir tien minute in kookwater en laat dit afkoel .Smeer die teewater op plekke waar jy ekseem het .Die tannien in die teewater verlig die inflammasie van die ekseem.Rasper 'n appel en los vir 15 – 20 minute op 'n bord . Eet die appel nadat dit bruin geword het en dit sal help met diaree . Dit is belangrik dat die appel verkleur anders sal dit jou nie help nie . Gorrel met arnica –ekstrak en warm water as jou keel seer is . Arnika het 'n anti-inflammatoriese effek wat sal help vir 'n seer keel . Jy kan dit in 'n pilvorm of as 'n ekstrak by 'n

Blaai om ..... vir bl. 6

gesondheidheidswinkel koop. Sukkel jy met sweterige voete ? Is jy bang dat ander mense jou voete kan ruik . Smeer koeksoda op jou voete om reuke te neutraliseer .Koeksoda sal die slegte reuk van voete absorbeer.Is jy moeg vir al jou hoofpyne ? Baie hoofpyn is die resultaat van spanning in die nek Plaas 'n rou ui in 'n kompres agter jou nek vir hoofpyn aangesien spanning daar begin wat lei tot hoofpyn . Vandag se lewe is vol stres . Naeltjie – olie is net die ding . Nee,jy gaan dit nie drink nie . As jy in naeltjie –olie bad , sal jou bloedsirkulasie verbeter en die spiere laat ontspan . So verminder jy stres .

UIT : HUISGENOOT , 2 Februarie 2012

PUNTE : 10

AFDELING C. TAAL

VRAAG 3 ADVERTENSIE : Die Taalvrae wat volg ,is op die advertensie hieronder gebaseer . Die nommering in die advertensie verwys na woorde wat uitgelaat is en die vraagnommer wat beantwoord moet word .

3.2. **POSTMATRIEK**

(3.3) **SKEP JOU EIE TOEKOMS!**
***JY SKEP JOU EIE TOEKOMS.***

3.1. Betaal die ATKV-inskrywingsgeld van R75 000,00 **VOOR** 30 Nov. 2012 en **SPAAR R3 500!**

Ná matriek lê die wêreld aan jou (3.4) ... Sluit aan by ons Postmatriek-wegbreekjaar. Postmatriek word by die ATKV se spogoord, Drakensville, aangebied. Met die wegbreekjaar kan jy vriendskappe opbou wat (lewe 3.6 lank) sal hou. Aan die einde van die program behoort jy jouself beter te ken. Gun jouself dus die kans om 'n goeie besluit oor jou toekoms en loopbaanrigting te (3.8 ... ).

DIE PROGRAM SLUIT DIE VOLGENDE IN: 3.5

- Ontwikkeling van jou persoonlikheid
- Toekomsbeplanning (stel jou eie curriculum vitae op)
- Word straatwys (finansies, selfverdediging, ens.) 3.7
- Avontuur (skubaduik, abseil, ens.)
- En die belangrikste van alles: pret

KONTAK:
Lizette Odendaal by 011 919 9038
of www.atkv.org.za en kliek op
ATKV-Postmatriek

RSG DIS DIE EEN

ATKV

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 27 Oktober 2011]

Blaai om ...... vir bl.7

3.1 Kies die korrekte antwoord :
3.1.1 Die sin in die sirkel oor die inskrywingsgeld is 'n voorbeeld van (stereotipering , manipulering ) (1)
3.2 Kies die korrekte woord tussen hakies :
3.2.1 Die VOORVOEGSEL "post " in Postmatriek beteken (na / voor / gedurende ) matriek . (1)
3.3 Lees die 2 sinne wat in 3.3 in die advertensie verskyn .
3.3.1 Kies die sinsoort (sin 1 of sin 2 ) wat die beste by die advertensie pas .
Sin 1 : Skep jou eie toekom ! (Bevelsin )
Sin 2 : Jy skep jou eie toekoms . (Stelsin ) (1)

3.3.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 3.3.1 (1)
3.4 Voltooi die IDIOOM . Kies uit die woorde in die lys hieronder .

| Sy , Voete , Bene , Hart . |
|---|

3.4.1 Na matriek lê die wêreld aan jou ............(1)
3.5 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD :
3.5.1 Die program sluit die volgende in . (1)
3.6 Gee die SAMESTELLING van die woord tussen hakies . Skryf slegs die antwoord neer .
3.6.1 Met die wegbreekjaar kan jy vriendskappe opbou wat (lewe + lank ) sal hou . (1)
3.7 Kies die antwoord wat die sin korrek voltooi . Skryf slegs die antwoord neer.
3.7.1 Iemand wat Straatwys is , is ......... oor die lewe .
A. onervare B. ingelig C. krities D. negatief . (1)
3.8 Vul die ontbrekende WERKWOORD in . Skryf slegs die antwoord neer .
3.8.1 Gun jouself dus die kans om 'n goeie besluit oor jou toekoms en loopbaan rigting te ............ (1)
3.9 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie ? (1)
(10)

VRAAG 4 STROKIESPRENT .
Die taalvrae wat volg , is op die strokiesprent gebasseer . Voer die instruksies by elke vraag uit .

Bladi Om ...... vir bl. 8

## TEKS E : TIM TIER EN SIMON

Raampie 1 Raampie 2 Raampie 3




VRAE :

4.1 Op watter 1 manier word Simon se woorde in rampie 1 beklemtoon ? (1)

4.2 Kies die korrekte antwoorde . Kyk na rampie 2 . (1)

4.2.1 Die Sinoniem vir die woord " begeer " is (verlang ,druk )

4.3 Hoe weet jy dat Simon in rampie 2 vir nog dinge wens ? (1)

4.4 Simon se lyftaal /liggaamstaal in rampie 2 dui aan dat hy ......

Kies die korrekte antwoord :

A. 'n plan het .

B. hartseer is .

C. gefrustreerd is .

D. sy werk gekry (1)

4.5 Waaruit kan jy aflei dat Tim Tier in rampie 3 nie vir Simon hardop beantwoord nie . (1)

4.6 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE .

" Hoekom moet ek vir alles werk ? " (1)

Begin so : Simon vra ..............

4.7 Skryf die ANTONIEM vir die onderstreepte woord :

4.7.1 Alles is so moeilik . (1)

4.8 Skryf die ONDERWERP van die volgende sin : (1)

4.8.1 Verdien ek dit dan nie?

4.9 Skryf die volgende sin in die Lydende Vorm :

4.9.1 Tim Tier hou Simon dop . (1)

4.10 Kies die korrekte Woord tussen hakies :


4.10.1 Tim Tier (ken /weet ) dat Simon in 'n droomwêreld leef (1)

(10)

Blaai om vir bl. 9 .....

VRAAG 5

Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent gebasseer .




5.1 Skryf die sin oor en vervang die onderstreepte voegwoord met "AANGESIEN " .

5.1.1 Jonas het kwaad geraak , want Alicia wou nie luister nie . (1)

5.2 Verander die STELSIN in 'n BEVELSIN .

5.2.1 Jy moet die vinnige motor stop . (1)

5.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord .

5.3.1 Alicia lyk kwaad . (1)

5.4 Kyk weer na die prent . Wat sê vir jou dat Jonas die motor baie vinnig ry? (1)

5.5 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies :

5.5.1 Die ( roekeloos ) bestuurder leer 'n les . (1)

5.6 Skryf die korrekte vorm van die DEELWOORD tussen hakies :

5.6.1 Die motor het met (skreeu ) bande tot stilstand gekom . (1)

5.7 Beantwoord die sin oor in die ONTKENNENDE VORM . Begin soos aangedui .

5.7.1 Het die konstabel al ooit so 'n situasie gesien (1) Nee,.......

5.8 Rangskik die volgende sin in die korrekte Orde :

5.8.1 Die konstabel (onmiddellik , die gevaarlike bestuurder ,langs die straat beboet ) (1)

5.9 Skryf die MEERVOUD van die onderstreepte woord :

5.9.1 Sulke vrou is baie gevaarlik . (1)

5.9.2 Verander die STELSIN in 'n Vraagsin . Die onderstreepte woorde is die antwoord :

Blaai om........ vir bl. 10

5.9.3 Die konstabel is bekommerd oor Jonas en sy meisie. (1)
(10)

VRAAG 6 Die Taalvrae wat volg is op die leser se brief aan Vroukeur gebasseer.

**DIE LEKKERSTE STUKKIE BROOD**

1 Ek koop nie altyd *Vrouekeur* nie. Die gedagte dat dit ŉ brood se geld kan wees, laat my liewer verby die tydskrifrak loop.

2 Wel, verlede Sondag het ek besluit, nóú sal ek myself bederf en dit koop.

3 Ek het die hele middag agteroor gesit en die tydskrif oor en oor deurgeblaai. Ek het gelees asof ek môre nie weer die kans sal kry nie!

4 Dankie dat dit toe die moeite werd was. Dankie vir al die wedstryde, resepte, verhale en skindernuus ... julle weet tog hoe baie ons vroumense daarvan hou om te skinder.

5 Julle lewer puik diens.

– Lee, Grabouw

6.1 Voltooi die volgende sin :
6.1.1 "Die lekkerste stukkie brood " is 'n voorbeeld van KONNOTASIE want dit verwys na .............. (1)
6.2 Skryf die ANTONIEM van die vetgedrukte woord.
6.2.1 Ek koop nie altyd die tydskrif nie. (1)
6.3 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.
6.3.1 Dis die lekkerste stukkie (brood). (1)
6.4 Skryf die volgende sin in die TEENWOORDIGE TYD ;
6.4.1 Ek het die tydskrif oor en oor deurgeblaai. (1)
6.5 Kies die Korrekte Antwoord :
6.5.1 " 'n brood se geld " beteken .......
A. Geld om brood te koop.
B. Iets wat baie duur is.
C. Geld vir iets belangrik.
D. Iets wat nie duur is nie. (1)
6.6 Voltooi die sin soos Aangedui :
6.6.1 Die vrou loop verby die tydskrifrak. (1)
Die vrou hoef.......

Blaai om...... vir bl. 11

6.7 Watter Stereotipering maak die skryfster in paragraaf 4 (1)
6.8 Voltooi die sin met die korrekte VOORSETSEL :
6.8.1 Die vroumense soek …….. die beste tydskrif . (1)
6.9 Skryf in die DIREKTE REDE :
6.9.1 Die vroumense sê dat hulle daarvan hou om te skinder . (1)
6.10 Skryf in die BEDRYWENDE VORM :
6.10.1 Tydskrifte word deesdae deur vroumense van die begin tot die einde gelees . (1)

(10)

TOTAAL : 40

ALLES VAN DIE BESTE .

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY